



JAARVERSLAG AUGUSTUS 2016 NUWE LEDE / VEILINGS

Charles Campher

NUWE LEDE

Die totale aantal telers en skou-lede saam staan tans op 197; 32 hiervan is skou-lede.

Gedurende die 2015/6 termyn, het 6 nuwe lede by die genootskap aangesluit.

Daar is met hulle in verbinding getree en almal was positief oor die ras en opgewonde oor hul SA Boerperde.

Gedurende die jaar het 24 lede bedank. Dit was hartseer om van ons ou lede te verloor wat in die verlede baie positiewe bydraes tot die ras gelewer het.

Baie dankie aan Elize wat my pligsgetrou my laat weet het van al die nuwe lede en skou-lede.

VEILINGS

Gedurende die jaar kon daar duidelik gesien word dat ons ons in 'n finansiële reses bevind. Veilings wat in die verlede al 'n instelling geword het, het net doodeenvoudig nie hierdie jaar plaasgevind nie. Te oordeel aan die swak verkope op veilings wat wel gehou is, is daar nou eerder 'n mark vir perde wat in spesifieke dissiplines sodanig geskool is dat hulle reeds skougereed is. Vervolgens die statistiek oor die afgelope jaar se veilings.

ELITE WES-KAAP VEILING

Die Elite Wes-Kaap veiling was aangebied op 7 Mei 2016, Riversdale skougronde. Van die 20 perde wat opgeveil is, is slegs 2 verkoop. Die beskermheer was Tielman Roos.

GOEDGEDACHT VEILING – AT COETZEE

Die Goedgedacht SA Boerperd stoet het 'n "Bid or Buy" veiling op Facebook aangebied. 3 uit 20 perde is verkoop. Volgens Mnr. Coetzee is die aanvraag vir ryperde hoog, maar daar is nie 'n mark vir teelmerries nie. Die sosiale platform bied egter ruim geleentheid om te adverteer en aan voornemende kopers die kans te gee van regoor die land aan die veilings deel te neem. Dit is beslis 'n moontlikheid om in die toekoms te oorweeg.

STIL VEILING - PARYS

Tydens die Nasionale Kampioenskappe is 'n stil veiling vanaf 27 Junie tot 1 Julie gehou. Teler was positief daarvoor en ongeveer 30 perde te koop aangebied. Daar is 6 aanbiedinge op perde gemaak, waarvan slegs 1 aanvaar is.

STÊR-HINGS VEILING - PARYS

Soos gewoonlik, het die stêr-hings veiling weer hierdie jaar gesorg vir groot opwindning en groot vermaak. Baie dankie aan almal wat die veiling met so 'n goeie en positiewe gesindheid ondersteun het.

Dekkings van 20 hingste waarvan 17 verkoop is, is opgeveil. Die 3 hoogste pryse behaal was:

- Lang Carel Vrystaat @ R14000.00;
- Vlampie's Eggo @ R7000.00;
- Vlampie's Molopo @ R5500.00.

Gemiddelde koste per dekking: R4235.29.

Die Stêr-vul wenners van dekkings verkoop in 2013/4 was :

1. Disselboom Lego (Mnr. David de Wet);
2. Tokoza McLaren (Mnr. Frikkie Combrink);
3. Fernview Invictus (Mnr. JJ Kemp).

COMMUNICATOR VEILING

Vir die eerste keer is daar in 2016 elektroniese advertensiespasie in die vorm van kalendermaande vir ons COMMUNICATOR opgeveil. Die inkomste daarvan dek die totale kostes daarvoor vir 2017.

Baie dankie vir die Raad se ondersteuning en hulp tydens my tweede jaar op die Raad. Dit is 'n voorreg om saam met hulle te kon werk.

Charles Campher

RAADSLID: Nuwe lede / Veilings